# HOE LYK SUKSES?

Lees Ps 49:11-21

## ‘N AANGENAME PROBLEEM

**Ek lees van** ‘n welvarende koringboer wat een jaar ‘n besondere goeie oes gemaak het. Die oes was om die waarheid te sê so groot dat dit hom onverhoeds betrap het. Hy het nie geweet wat om met al die graan te maak nie! Dit was nogal ‘n **aangename probleem**. Nadat hy daaroor nagedink het, besluit hy om die skure wat te klein geword het, af te breek en groteres te bou. Daarin sal hy dan al die graan en die ander goed kan opgaar. Hy besluit toe ook sommer dat as hy daarmee klaar is, hy lekker gaan agteroorsit. Hy gaan aftree en net die lewe geniet!

**Hoe klink dit vir jou?** Dit klink vir my na die verhaal van ‘n baie suksesvolle boer. Ek lei af hy was hardwerkend en bekwaam en dat hy genoeg geld gehad het om watter probleem ookal mee op te los. Ons sal seker kan sê hy het “ge-arriveer”, hy het dit “gemaak”, nie waar nie.

**Is dit nie baie mense se ideaal nie?** Om so suksesvol te wees dat jou grootste probleem eintlik is wat om met al jou inkomste te maak en hoedat jy dit die beste kan beskerm en belê nie? Om genoeg bymekaar te maak sodat jy vroegtydig sonder sorge kan aftree en net die lewe geniet nie: eet, drink, inkopies doen, reis en wat nog alles? Wil die man nie vir ons kom vertel hoedat ons dit ook kan regkry nie? Wil hy nie ‘n boek skryf met goeie beleggingsadvies nie? ‘n Gepaste titel sou wees: *“Hoe om jou beursie te laat bult”* of: *“Skep vir jou ‘n aangename probleem!”*

Maar luister eers wat sê Jesus, hoe oordeel God oor hierdie man…

**SKRIFLESING:** Luk 12:13-21

Vers 20 is seker een van die **mees tragiese teksverse** in die Bybel: *“Maar God het vir hom gesê: ‘Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeeis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het?’*
**Was hy dwaas omdat** hy *ryk* was? Dit kan tog nie wees nie! Was hy dwaas omdat hy *voorsorg* vir die toekoms gemaak het? Dis tog seker ook nie verkeerd nie.
Wat wil Jesus ons dan met hierdie **gelykenis leer** oor wysheid en dwaasheid?

## IS GOED BELANGRIKER AS VERHOUDINGS?

**Ons moet onthou wat aanleiding** tot die vertel van die gelykenis gegee het: Iemand wou hê Jesus moes vir sy broer sê hy moet die erfporsie met hom deel. Jesus wou nie daarby betrokke raak nie. Hy sê Hy is nie aangestel om te verdeel nie. Ons weet Jesus was ‘n **Versoener**. Die verhouding tussen hierdie twee broers was duidelik nie wat dit moes wees nie. Plaas hy liewer vir Jesus gevra het om hulle twee te versoen.
Maar Jesus bemerk dat die probleem eintlik **hebsug** is. Die broer, moontlik albei, wil hê wat hy dink hom uit die erfporsie toekom. Hy is duidelik gesteld op *besittings* en op sy *regte*. Die **verhouding** met sy broer is van minder belang. Dit kon maar skade ly. *Hy het gedink dat meer geld groter geluk beteken.* Dit is natuurlik vandag nog ‘n baie algemene siening. Daarom kom daar vandag ook nog bitter vetes tussen famlielede voor oor erfporsies.

Dis TOE dat Jesus **waarsku**: *"Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie."* Sukses kan dus nie gelyk wees aan om baie besittings of groot beleggings te hê nie (Ghadaffi).

**WAAR PAS MY MEDEMENS IN**

Die ryk man in die gelykenis het **hard gewerk en fyn beplan**, maar alles het net om **homself** en sy besittings en hierdie lewe gegaan. Luister net hoeveel keer kom die woordjies "ek" en "my" in sy gesprek met homself voor: *(:17-19).* **Alles draai om sy eie belange**. Sulke mense het gewoonlik nie juis **ware vriende** nie. Toe die *pa* van die verlore seun goeie nuus gekry het, was daar baie met wie hy saam kon feesvier, so ook die *boer* wat die een skaap teruggevind en die *vrou* wat die verlore muntstuk weer gevind het (Luk 15). Hierdie man was skynbaar so **selfgerig** dat hy geen vriende gehad het met wie hy sy goeie oes kon vier of sy aangename probleem mee kon bespreek nie. Hy is totaal *selfgenoegsaam, selfvoldaan en selfversekerd*. Vir die wêreld mag dit die defn van sukses wees – om niks van niemand nodig te hê nie – maar dit is NIE die Bybel se idee van sukses nie.

**Sy medemens kom nêrens in die prentjie nie**. Spr 11:26 werp nogal 'n baie interessante lig op hierdie verhaal. *"Mense vervloek iemand wat weier om koring te verkoop…"* Hoekom het mense dit in die ou tyd gedoen? Want so iemand het sy koring opgegaar totdat die ander se koring op was. Dan het hy 'n onbetaalbare prys gemaak. So het hy die kos uit die monde van die armes gesteel. Die kerkvader **Ambrosius** het daarteenoor gesê dat die monde van die armes die rykes se skure behoort te wees.

**WAAR PAS GOD IN**

Maar behalwe dat die ryk man nie rekening met sy medemens gehou het nie, het hy **ook nie rekening met GOD gehou nie**.

Die woordjie ***"opeis"*** (:20) is hier van belang: *"Maar God het vir hom gesê: 'Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou* <u>*opge-eis*</u> *word …".* **Wie sal sy lewe opeis?** Die Een wat dit gegee (geleen) het, nl God. Hierdie woord hou in dat 'n mens se lewe '**n lening** is wat jy van God ontvang het. Hy gee dit aan ons as 'n *gawe* en ons sal moet *rekenskap* doen wat ons daarmee gemaak het – met die *grond*, ons *goed, gawes en geleenthede*. (bestuurders,"rentmeesters" en nie eienaars)

**Die dwaasheid van die ryk man** was dat hy nie hiermee rekening gehou het nie. Hy het *gemaak asof* die grond, sy geld en sy goed SYNE was waarvoor HY gewerk het en waarmee hy kon handel soos wat HY wou. Sy *beplanning* was alles net op hierdie lewe gerig. Daarom was hy dwaas en ONsuksesvol.

**Jesus waarsku ons vroegtydig** sodat dit nie met ons ook sal gebeur nie. *"So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie."* (:21) **Wat beteken dit om ryk te wees by God?** 'n Paar verse later brei Hy verder hierop uit: (:33,34) *"Verkoop julle besittings en gee bydraes vir die armes. Skaf vir julle 'n beurs aan wat nie leeg raak nie, 'n onuitputlike rykdom in die hemel, waar geen dief dit kan bykom en geen mot dit kan verniel nie. Waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees."*

Iemand het opgemerk: *"Ons ds mik vir ons hart, maar dan skiet hy ons sak raak."* Waarop 'n ander reageer het: *"Miskien is dit omdat julle hart in julle sak sit!"*

**RYKDOM BRING VERANTWOORDELIKHEID**

**Die probleem lê nie by die rykdom nie**. Die Bybel is *nie negatief* oor rykdom nie. Rykdom bring *wonderlike geleenthede* , maar ook *gevaarlike versoekings* mee. Dit plaas 'n **groot verantwoordelikheid** op so een se skouers. *"Die wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hul hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms sodat hulle die ware lewe sal verkry."* (1 Tim 6:17-19)

**Rykdom kan baie vreugde bring** – vir ons en vir ander. Hoe meer jy het, hoe meer kan jy uitdeel, soos wat Jesus gesê het: *"Dit maak 'n mens gelukkiger om te gee as om te ontvang." (Hand 20)* Iemand anders het gesê jy moet nie net jou seeninge <u>tel</u> nie, jy moet ook jou seeninge <u>deel!</u> Dis dan wanneer jy dubbeld geseënd is. (Hemelse wiskunde: deel maak nie minder nie, maar maal met 2!)

**J P Versteeg** is 'n Nederlandse teoloog wat gesê het: *"Die egte God is die gewende God. Egte mense is gewende mense."*

**Wat behoort te gebeur**? Die Japanse prediker **Kagawa** skryf dat ons al ons geld en besittings moet <u>*doop*</u>. Daarmee bedoel hy dat ons alles wat ons het en besit, moet *plaas onder die heerskappy van Christus.*

**TWEE ANDER BROERS**

Die **aanleiding** tot die gelykenis was die vraag van 'n broer oor 'n erfenis wat hy en sy broer moet deel. Ek sluit af met 'n ander verhaal van **twee broers en 'n erfporsie:** 'n Pa het twee seuns gehad. Die een was baie ryk, maar het geen kinders gehad nie. Die ander het baie kinders gehad, maar was baie arm. Na die pa se dood het die seuns elkeen die helfte van die plaas ge-erf. Daardie nag kon die ryk seun nie slaap nie. *Wat my pa gedoen het, was nie regverdig nie*, het hy vir homself gesê. *Ek is ryk en het meer as genoeg, terwyl my broer arm is en skaars vir sy gesin kan sorg. Ek gaan die landmerk wat my pa opgesit het om die grond tussen ons te verdeel verskuif sodat my broer 'n groter deel kan hê. Maar ek gaan dit vroeg more-oggend doen sodat hy dit nie sien en skaam kry nie*. Intussen kon die arm broer ook nie slaap nie. *Wat my pa gedoen het, was nie regverdig nie, dink hy by homself. Hier is ek omring met die vreugde van baie seuns en dogters terwyl my broer geen kinders of erfgename het en niemand om hom op sy oudag te versorg nie. Hy behoort 'n groter deel van die grond as ek te hê. Dalk vergoed dit hom in 'n mate vir sy onbeskryflike armoede. Ek gaan vroeg more-oggend stilletjies die landmerk verskuif.* So ontmoet die twee broers mekaar toe die volgende oggend vroeg by die landmerk! Hulle het in trane in mekaar se arms geval en dit is glo die plek waar die stad Jerusalem vandag staan…

Amen
23 Okt 2011